

Swierig

VIR JOU SKOUER



Stik 'n paar bont
linte aan mekaar vas
om dié vrolike drasak te
maak. Deur Marcelle
du Preez

BENODIGDHEDE

10 gekleurde of bont linte van verskillende breedtes, ongeveer 1,5 cm van elk; halwe meter swart materiaal soos glanssis (chintz); 3 m swart koord; swart boorsel (piping); halwe meter swart Vilene; bypassende stikgare.

MAAK SÓ:

1. Knip genoeg lint in 20 cm-stukke sodat jy 'n stuk lap van 80 cm breed sal hê as jy dit aan mekaar stik. Knip nog 3 stukke van 80 cm elk van lint wat 'n gesamentlike breedte van sowat 10 cm het. Knip uit Vilene en materiaal elk 'n stuk van 80 x 30 cm. Knip

ook uit materiaal 2 vierkante van 20 x 20 cm. Lê stukke lint teen mekaar met VK op gomkant van Vilene neer. Stryk lint met parslap op Vilene vas.

2. Stik met sigsagstiksel oor lasse sodat lint aan mekaar vasgestik word. Jy kan ook die lint met VKe teen mekaar vasstik (soos nate) tot jy 'n stuk van 30 x 80 cm het.

3. Stik synaat van sakkie en voering. Maak 1 cm-inknippe op kwartlyne van onderkant van sak en voering. Speld op vierkante vas sodat sak se hoekies oopskuif en stik vas. Herhaal met voering en ander vierkant. Maak twee knoopsgate sowat 5 cm van borand en in

middel van twee teenoorstaande sye van sakkie, maar nie in voering. Vou borand van sakkie en voering elk 1 cm na VK en stryk.

4. Dop sak om en plaas voering in sak. Plaas voue van borand op mekaar met boorsel tussenin. Stik vas deur al die lae. Stik nou twee stiksels deur al die lae, 1,5 cm uitmekaar, om koord deur te ryg. Eerste stiksel is 4 cm van borand.

5. Sny koord in twee stukke en ryg in teenoorgestelde rigtings in om skuif te vorm. Knoop punte van koord saam sodat 10 cm-stuk oorbly. Rafel uit om 'n tassel te vorm. □